

BEMAGTIG DIE PLAASLIKE KERK OM DIE MENSE VAN SUID-OOS ASIë MET DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS TE BEREIK.

Bank Besonderhede:

Rek naam: SEA/SOA HUB
 Bank: Standard Bank
 Tak : Britstown
 Takkode: 050004
 Rek. Nr.: 243435649

Registrasie Nommer
077-088-NPO

Des Presstraat 34
 De Zoete Inval
 Posbus 2565
 Paarl. 7620
 0718682686 / 021-8632837
 nicokriek@gmail.com


15 November 2020

Liewe Vennote

John Piper skryf in sy boek (Let the nations be glad): “Missions is not the ultimate goal of the church. Worship is.....because God is ultimate, not man. When this age is over...missions will be no more. It is a temporary necessity. Burt worship abides forever. Worship, therefore, is the fuel and goal of missions. The goal of missions is the gladness of the peoples in the greatness of God. **Ps 67:4 Mag die volke U loof, o God, mag al die volke U loof! Ps 97:1 Die Here regeer, die aarde moet juig.**”

Dit is ons voorreg om mede-werkers te wees van hulle wat in SOA die evangelie uitdra na verskillende volke sodat hulle, saam met ons, die Here kan loof!

Jean-Marie Jooste (foto regs) het ook dit ten doel. Sy is werksaam in Phnom Pehn, Kambodja. Sy skryf as volg:



“Na ‘n jaar se wag het ek nou iemand opgespoor wat vir ons baie mooi illustrasies kan teken vir die boekie wat ek wil uitgee as gids saam met my gebedsopleiding – haar naam is Puthida Bou. Ek wag nou om vandeemaand terugvoer te kry van ‘n organisasie met die naam World Team in PreahVihear wat daarin belangstel om die projek te borg. Daar is ook gemeentes in beide Preah Vihear en Kratie provinsies wat al vir lank daarin belangstel dat ek die gebedsopleiding by hulle kom doen. Ons wag nog net vir al die beperkinge om gelig te word.

Tans mag kerkdienste in Kambodja nie langer as ‘n halfuur duur nie, so om vir ‘n hele dag lank ‘n seminar te hou moet ‘n mens óf spesiale toestemming hê óf dit in die buitelig doen. Ek deel nog steeds ‘n



weeklikse boodskap aanlyn, in Khmer, wat uitgesaai word deur Siem Reap Gebedshuis, en kry ‘n baie positiewe reaksie: selfs my bure, wat nie Christene in nie, sê vir my hulle luister daarna. Ons sukkel egter baie met swak internet en ander tegniese probleem. Ek het onlangs ‘n uitnodiging gekry van ‘n jong man wat sy eie fotografiese ateljee het, om kort 5 minute lange videos by hom te kom opneem wat aanlyn gedeel kan word. Ek hoop om spoedig sy aanbod uit te toets om te sien hoe die kwaliteit lyk. As dit werk sal hierdie ‘n groot geleentheid vir my wees.”

*Dit is reënseisoen in Kambodja en SOA.....en dan **reën** dit!*

Die tropiese storm Nangka het groot verwoesting en lewensverlies in Viëtnam en Kambodja veroorsaak. Minstens 59 mense is in die Filippyne dood nadat die tifoön Vamco in die land voorgekom en die ergste oorstromings in jare in Manila en omgewing veroorsaak het. Dit is die agste tifoön wat die land binne 2 maande getref het en die 21ste hierdie jaar.

BRUNEI.

Brunei is naas Singapoer, die kleinste land in SOA. Dit vorm 'n klein deel van die eiland Borneo. Die land is begrens deur die Suid-Chinese See en, aan land, deur Oos-Maleisië se Sarawak provinsie. Dit is die enigste volledige land op die eiland. Sarawak en Sabah is



provinsies van Maleisië, terwyl Kalimantan deel is van Indonesië.

Bandar Seri Begawan is die hoofstad. Brunei het op 1 Jan

1984 onafhanklik geword. Die bevolking is ongeveer 500,000. Bahasa Melayu (standaard Malei) is die amptelike taal. Brunei is 'n Monargie onder beheer van die Sultan. Hy word as een van die rykste Koninklikes in die wêreld beskou.

Petroleum en natuurlike gas sorg vir die rykdom van hierdie klein staat. Volgens die IMF is dit die vyfde rykste land in die wêreld, gereken volgens "GDP". Dit is dan ook die land wat die naaste kom aan 'n totale "Welsyn Staat". Daar is nie persoonlike inkomstebelasting nie, die regering betaal volledig vir onderwys en gesondheidsorg; behuising en brandstof word swaar gesubsidieer terwyl daar nog verskeie ander subsidies is.



Aanvanklik het net Engelse wette gegeld maar sedert 2014 geld ook die Sharia-wette.

Islam domineer die lewe in Brunei. Hoewel die grondwet geloofsvryheid waarborg is, mag Moslems nie ge-evangeliseer word en/of na 'n ander geloof oorgaan nie.

Die Christelike kerk bestaan onder baie moeilike omstandighede. Geen nuwe kerke kan geregistreer word nie. Geen buitelandse Christen werkers word toegelaat nie. Die enigste godsdiensoonderrig wat in skole toegelaat word is Islam. Dit geld

ook vir die ses Christenskole wat daar is.

Past Benny Ng en sy vrou, Jade, is in Sarawak werksaam. Ek ken hom al vir jare en kan getuig hy doen uitstekende werk vanuit Sibu. Die voertuig waarmee hy sy werk doen is 24 jaar oud en moet vervang word. Geld vir 'n nuwe is daar nie en is hy in die proses om 'n 2de handse Toyota Hilux te koop. Indien u gelei voel om hiervoor by te dra sal dit regtig waardeer word. Identifiseer dan net asb die inbetaling met die woord "Benny" as verwysing.



Vlnr Cornelius (seun), Benny en Jade

Dankie vir jul gebede!

Nico Kriek
Voorsitter: SOA HUB

MAAK DISSIPELS VAN AL DIE NASIES.....